**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 6 AUGUSTUS 2013 OM 13:00
IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 7/2013**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met gebed deur Des Muller geopen waarna al die lede welkom geheet word met spesiale verwelkoming aan mnr Aussie Eybers.

## 2. PRESENSIE

### 2.1 Teenwoordig

| | | |
|---|---|---|
| Anton Dellemijn | Voorsitter | Tergniet |
| Charl Coetzer (tot 15:00 - het vooraf verskoning gemaak) | | Fraaiuitsig |
| Lavinia Lunow | | Fraaiuitsig |
| Pieter le Roux | | Kleinbrak |
| Charl De Wet | | Kleinbrak |
| Johann Muller | | Reebok (onder spoor) |
| Johan Lotter (tot 15:00 - het vooraf verskoning gemaak) | | Reebok (bo spoor) |
| Kruger de Wet | | Reebokhoogte |
| Des Muller | | Riverside |
| Len Rauch | | Tergniet |
| Mike Wray | Onder-voorsitter | Tergniethoogte |
| Jan Roets | | Tergniethoogte |
| Dorothy Barnard | | Sekretaris/Tesourier |

### 2.2 Op uitnodiging

| | | |
|---|---|---|
| Rozain Hansen | Munisipaliteit | |
| Kaylene Taute | Munisipaliteit | |
| Khanyiso Stenela | Munisipaliteit | |
| Aussie Eybers | | Vir aanbieding |

### 2.3 Afwesig met verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadsheer Kallie Smit | Raadslid – Wyk 4 | |
| Frans de Graaff | Munisipaliteit | |
| Frik Nel | | Reebokrif / Bewarea |

### 2.4 Afwesig sonder verskoning

| | | |
|---|---|---|
| Raadslid Gibo Gerber | Raadslid – Wyk 5 | |
| Terrie Terblanche | | Riverside |

## 3. LIEF EN LEED

14 Augustus – Anton Dellemijn
23 Augustus – Raadslid Gibo Gerber
29 Augustus – Johan Lotter

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **4.** | **AANBIEDING DEUR AUSSIE EYBERS** | |
| | Die vergadering neem kennis van mnr Eybers se "valhok" waarmee rotte en muise gevang word. Dit is veral doeltreffend omdat geen gif gebruik word nie en dus omgewingsvriendelik is. Belangstellendes kan mnr Eybers by 044 620 2711 of 082 496 5392 kontak. | |
| **5.** | **GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING** | |
| | Die notule van die vorige vergadering word sonder wysigings goedgekeur. | |
| | Voorgestel en gesekondeer deur Johan Lotter en Mike Wray. | |
| **6.** | **AANVULLENDE AGENDA** | |
| **6.1** | **Aflaaipunte vir huishoudelike afval** | |
| | Navraag word gedoen oor wanneer aflaaipunte se dakke en gewysigde kennisgewings aangebring sal word. | Rozain |
| **6.2** | **Plakkers / bosslapers (agterkant van De Lange uitbreiding op die punt van Arcaciastraat) (voorheen Markus Louw se eiendom)** | |
| | Navraag word gedoen of die eiendom al aan die nuwe eienaar oorgedra is en wat die ooreenkoms van die nuwe eienaar met die bosslapers is. Mnr Len Rauch meld dat wyer gekyk moet word na bosslapers omdat dit 'n maatskaplike kwessie is. | Rozain |
| **6.3** | **Voetgangers in Tergniet/Grootbrak** | |
| | Die vergadering neem kennis van 'n skrywe deur 'n inwoner oor voetgangers wat die draadheining rigting Tergniet oorsteek, die heining knip en deur onbeboude erwe loop. Onbehoorlike gedrag word ten aanskoue van inwoners in die omgewing uitgevoer. | |
| | Die probleem is reeds deur inwoners onder SANRAL se aandag gebring, maar sonder sukses. Raadsheer Smit het die aangeleentheid na die Direkteur Gemeenskapsdienste vir opvolging verwys. | |
| | Des stel voor dat die aangeleentheid na die Wykskomitees verwys word aangesien dit ook 'n sosiale probleem is. | Rozain |
| **6.4** | **Karwas by Fraaiuitsig SPAR** | |
| | Die vergadering neem kennis van 'n inwoner se voorneme om 'n karwas te open en dat die Vereniging genader is vir hulp met inwin van inligting oor watter prosesse gevolg moet word. Uit inligting wat van verskeie afdelings van die Munisipaliteit ontvang is, is daar baie vereistes waaraan voldoen moet word. Haal af. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **6.5** | **Buitereklame en advertensietekens** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die Munisipale Raad op 25 Julie die konsep verordening goedgekeur het en dat 'n publieke deelname proses nou gevolg word met sluitingsdatum 30 Augustus. | |
| | 'n Sub-komitee bestaande uit Johan Lotter (sameroeper), Johann Muller, Pieter le Roux en Charl Coetzer word aangewys. Insette deur die komitee moet teen 28 Augustus aan Dorothy gestuur word vir finalisering. | Johan / Dorothy 28 Augustus |
| **6.6** | **Rheebok Brick Holdings (Pty) Ltd – Publieke deelname proses** | |
| | Met verwysing na die advertensie in die pers besluit die vergadering dat die Vereniging as Belangstellende en Geaffekteerde Party moet registreer voor 12 Augustus vir beide aansoeke. Dit is vir die uitbreiding van die mynbou-area asook die vervanging van die Clamp oonde met vertikale skag baksteen oonde. Haal af. | Dorothy 12 Augustus |
| **6.7** | **Nuusbrief 2013** | |
| | Na bespreking besluit die vergadering dat daar nie, soos in die verlede, 'n formele nuusbrief opgestel sal word nie aangesien gereelde opdatering van die webtuiste en sirkulasie van e-pos aan inwoners voldoende is. | |
| | Kommunikasie met inwoners wat nie e-pos fasiliteite het nie bly 'n probleem, maar sal tydens die Algemene Jaarvergadering aangespreek word. Inwoners met internet toegang sal gevra word om bure sonder toegang vir "koffie" te nooi en sodoende die webtuiste aan hulle bekend te stel. Haal af. | Anton / Dorothy |
| **6.8** | **Pad na Powertown / bootlanding** | |
| | 'n Versoek word gerig dat die gedeelte van die pad waar die teer ophou met gruis opgevul word. | Rozain |
| | Die draaisirkel aan die einde van die pad in Kusweg, rigting Tergniet moet ook gekompakteer word omdat die padoppervlakte swak is. | Rozain |
| **6.9** | **Waterpype – Reebokrif** | |
| | Die vergadering neem kennis van die probleme by 39 huise waar koper waterpype verbrokkel. Aangesien dit nie 'n Munisipale aangeleentheid is nie, word eienaars na Charles by Pigs verwys vir bystand. Haal af. | |
| **6.10** | **Kleuterskool in Riverside** | |
| | Die vergadering neem kennis dat die eienaar van Kabouterland Kleuterskool die NG Kerk vir hulp genader het omdat sy reeds jare sukkel met die registrasie van die kleuterskool. | |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Rozain word versoek om die aangeleentheid met maatskaplike dienste op te neem. | Rozain |
| 7. | **SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE** | |
| 7.1 | **Terugvoer oor bywoning van munisipale komiteevergadering gehou op 10 Julie 2013** | |
| | Die vergadering is deur Kruger bygewoon. Die Voorsitter van die vergadering het sy dank en waardering teenoor verteenwoordiging van die Vereniging uitgespreek. Anton en Dorothy sal die vergadering van 14 Augustus 2013 bywoon. | Anton / Dorothy |
| 7.2 | **Trap na see by Derde laan – Tergniet ("Wees versigtig" teken)** | |
| | Aanbring van die teken is goedgekeur en behoort eersdaags aangebring te word. Haal af. | |
| 7.3 | **Kartering van nuwe uitbreidings in Reebokrif** | |
| | Charl sal die inligting nagaan en terugvoer gee. Sit op aktiwiteitslys. | Charl Coetzer |
| 7.4 | **Databasis van inwoners** | |
| | Sover is inligting van Ina Blom, Kruger de Wet en Lavinia ontvang. Lede word weereens gevra om inligting so gou as moontlik aan Dorothy deur te gee vir opdatering van die databasis. | Lede / Dorothy |
| | Die vergadering neem kennis van Silas Pothas se rekening met bystand met die webtuiste. Die rekening is slegs vir kennisname en kostes sal teruggeskryf word. | |
| | Die vergadering spreek hul dank en waardering uit oor die professionele manier waarop Silas die Vereniging se webtuiste hanteer asook sy onbaatsugtige bystand aan Dorothy met die instandhouding daarvan. | |
| 7.5 | **Hersiening van straatname in die gebied** | |
| | Geen insette is teen die sperdatum van 31 Julie aan die sub-komitee verskaf nie. Lede word dringend versoek om probleme met straatname aan Mike te stuur teen nie later nie as 16 Augustus. | Mike/Lavinia/ Johann Muller |
| | Navraag word gedoen oor beskikbaarstel van inligting aan instansies soos Google Earth aangesien verwarring ontstaan oor straatname wat foutief op GPS stelsels verskyn. | Rozain |
| 7.6 | **Onwettige ingang vanuit Impalaweg – Erf 1155** | |
| | 'n Opvolgskrywe sal aan die Munisipaliteit gestuur word met navraag oor vordering na aanleiding van die skrywe van 20 Junie aan die eienaar. | Dorothy |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **7.7** | **Opgradering van Kusweg - plaveisel** | |
| | 'n Skrywe moet aan die Munisipaliteit gestuur word oor die goeie werk deur DADA (kontrakteur). Haal af. | Dorothy |
| **7.8** | **Tennisbane, Klein-Brakrivier (opgradering en eiendomsreg)** | |
| | Volgens 'n skrywe van mnr Niel Prins, Hoof Regsdienste is die aangeleentheid na die Raadsvergadering van 29 Augustus 2013 verwys. Navraag word gedoen oor hoekom die aangeleentheid nie op die Julie raadsvergadering gedien het nie. | Gibo |
| **7.9** | **R102 - Skoonmaak van sypaadjies** | |
| | Anton het met Anton Steenkamp geskakel en kennis geneem dat skoonmaak eersdaags sal begin. | Anton |
| | Gate in die naamlose pad tussen die R102 en Impalaweg is op 5 Augustus gerapporteer en sal spoedig aandag geniet. | Dorothy |
| **7.10** | **Grondwet hersiening** | |
| | Die vergadering neem kennis dat 'n prokureur die bestaande grondwet hersien om te verseker dat dit volledig en korrek is. Staan oor. | Anton / Dorothy |
| **7.11** | **Noordsiglaan – spoedbeheer** | |
| | Probleem met die motorfietsryer is opgelos. Haal af. | |
| **7.12** | **Oorbewoning van woonhuis – Alikreukel 10** | |
| | Frans de Graaff monitor die situasie en tans is alles onder beheer. | Frans de Graaff |
| **7.13** | **Honde op strande – publieke deelname proses deur MEP** | |
| | Die resultaat van die proses moet deur middel van die munisipale nuusbrief aan inwoners gekommunikeer word. | Rozain |
| | Die manier waarop die proses hanteer is, is onbevredigend. Baie inwoners is onbewus van die publieke deelname proses en klagtes oor toename van loslopende honde op strande word ontvang. Navraag word gedoen oor die bedrag wat MEP betaal is/word vir die proses. | Rozain<br>Kallie/Gibo |
| **8.** | **PROJEKTE** | |
| **8.1** | **Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering** | |
| ***8.1.1*** | ***Oprigting van 10 ton limiet inligtingstekens*** | |
| | Rozain word versoek om navraag te doen oor wanneer die borde by ingange in die area opgerig sal word. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| **8.1.2** | Besonderhede oor inligtingstekens wat op die grond lê in Harrisstraat sal aan Rozain deurgestuur word vir rapportering. Haal af. | Anton / Rozain |
| **8.2** | **Skoonmaak van erwe** | |
| | Bourommel voor die huis in Kusweg (langs C the View) sal aan die bou-inspekteur deurgegee word. Haal af. | Dorothy / Frans |
| **8.3** | **Rampbestuur** | |
| | Charl het niks om te rapporteer nie aangesien hy afhanklik is van inligting deur Gibo. | |
| ***9.3.1*** | ***Klein-Brakrivier Rampgebeurlikheidsplan*** | |
| | Des en Terrie sal met Riverside se inwoners kontak maak en 'n plan saamstel vir die Munisipaliteit se aandag om sodoende huidige tekorte aan te spreek voor 'n volgende vloed plaasvind. Staan oor. Sit op aktiwiteitslys vir November 2013. | |
| **10.** | **FINANSIES** | |
| | Banksaldo is R17 010,21 en kontant voorhande (R227,45). | |
| **11.** | **POLISIëRING / BUURTWAG** | |
| | Geen verslaggewing nie. | |
| **12.** | **BEWAREA** | |
| **12.1** | **Kleinbrak Estuariumplan** | |
| | Die vergadering neem kennis dat 'n komitee tydens die vergadering van 18 Julie 2013 verkies is. Haal af. | |
| **13.** | **PLAASLIKE SAKE** | |
| **13.1** | **Fraaiuitsig** | |
| ***13.1.1*** | **Albertiniastraat 44:** Advertensie baniere is verwyder. Haal af. | |
| ***13.1.2*** | Straatname is nog uitstaande. Rozain sal weer opvolg. | Rozain |
| ***13.1.3*** | **Ingang na SPAR vanuit Brinkleystraat** | |
| | Charl meld dat die skrywe van A Eitner onaanvaarbaar is en moet verder opgevolg word. | Charl / Dorothy |
| **13.2** | **Klein-Brakrivier** | |
| ***13.2.1*** | ***Opgradering van Olckersweg parkeerarea*** | |
| | Die stormwaterprobleem het aandag geniet maar navraag word gedoen oor wanneer die werk aan die plaveisel afgehandel sal wees. | Rozain |

6.

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| ***13.2.2*** | ***Trappe na die see / Blouvlag status*** | |
| | Rozain word versoek om by Abrie Nel navraag te doen oor die herstel van die trappe en vordering met die Blouvlag status. | Rozain |
| | Navraag word ook gedoen oor die toegang vir gestremdes. | Rozain |
| ***13.2.3*** | ***Mensgemaakte duin – Versoek deur Magda Pieterse*** | |
| | Terugvoer deur Omgewingsake is nog uitstaande. | |
| **13.3** | **Reebok** | |
| ***13.3.1*** | ***Noord van die spoorlyn*** | |
| | Geen ernstige probleme. | |
| ***13.3.2*** | ***Suid van die spoorlyn*** | |
| | Geen | Lede |
| **13.4** | **Reebokhoogte** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.5** | **Reebokrif** | |
| | Geen probleme nie. | |
| **13.6** | **Riverside** | |
| ***13.6.1*** | ***Chemiese toilette by rugbyveld en publieke ontspanningsarea*** | |
| | 'n Lys van wedstryde is van die rugby organiseerders van Powertown ontvang wat aan die Munisipaliteit gestuur sal word. Haal af. | Anton |
| ***13.6.2*** | ***Stormwaterdreinering by 2de en 4de Laan*** | |
| | Charl het die terrein besoek en was in gesprek met Billy Robertson (Transand) oor moontlike hulpverleniging om hoogtes te meet. Charl sal die aangeleentheid verder ondersoek en terugvoer gee. Staan oor weens siekte van amptenaar. | Charl / Des |
| **13.7** | **Tergniet en De Lange Uitbreiding** | |
| | Aangesien die St Ellens kompleks deur 'n Beheerliggaam bestuur word, moet hulle self die inligting van die Munisipaliteit aanvra. Haal af. | |
| **13.8** | **Tergniethoogte** | |
| ***13.8.1*** | ***Ablusiegeriewe in Tergniet en skoonmakers in die gebied*** | |
| | Rozain word versoek om ablusiegeriewe in Tergniet wat nie gereeld skoongemaak nie te rapporteer en navraag te doen oor hoe gereeld die toilette skoongemaak word. | Rozain |

| ITEM | BESPREKING / BESLUIT | VERANT-WOORDELIK |
|---|---|---|
| | Ondersoek moet ook ingestel word na produktiwiteit van skoonmaakspanne wat na oplaaipunte beweeg sodat hulle beter aangewend word en versoek word om vullis in Kusweg op te tel terwyl hulle in die area rond beweeg. | Rozain |
| **14.** | **KORRESPONDENSIE** | |
| | Jean Harris Family Trust – Skrywe gedateer 17 Julie 2013 oor Erf 249, Klein-Brakrivier. | |
| **15.** | **VOLGENDE VERGADERING** | |
| | Dinsdag, 3 September - 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal. | |
| **16.** | **VERDAGING** | |
| | Die vergadering verdaag om 15:30. | |
| | DOROTHY BARNARD<br>**NOTULEERDER** | |
| | GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 8/2013 GEHOU OP 3 SEPTEMBER 2013 – 13:00. | |
| | ANTON DELLEMIJN<br>**VOORSITTER** | |